LETELLE® *Nuus*

**Mei 2016**

Amptelike nuusbrief
van die
OLS Vereniging



# Letelle Studie Verras

Genetiese diversiteit en inteling studies is op DNA van al die Letelle stoetkuddes en ook ‘n paar kommersiële kuddes in die land gedoen. DNA is ewekansig van diere uit elke kudde geneem en ontleed. Die resultate was om die minste te sê verrassend. Alhoewel die inteling van die ras relatief hoog is, is dit vir ‘n ras wat doelbewus inteel nog betreklik laag. ‘n Paar kuddes sal egter in die toekoms versigtiger vervangings ramme moet kies om die inteelvlakke in hulle kuddes te beperk. Ramme sal dalk van verskillendes telers gekoop moet word om sodoende die genetiese diversiteit in die kuddes te verhoog.



*Prof. Frikkie Neser, Prof. Paul Grobbler, Hesmari Bindeman (Dept. Genetika UFS)*

Daar is ook nog baie hetrosigositeit in die ras, wat beteken dat daar nog baie veriasie in die ras oor is. Trouens die resultate vergelyk goed met baie groter rasse en is beter as die meeste ander klein skaap rasse. Hierdie resultaat is verrassend aangesien dit teenstrydig is met wat verwag is. Die enigste verklaring hiervoor is dat die groepparing wat in die ras toegepas word veroorsaak dat geen ram teveel nageslag het nie. Sodoende word die diversiteit in ‘n mate bewaar. Die ras word ook op ‘n wye verskeidenheid omgewings aangehou, wat beteken dat elke omgewing dalk ander gene bevoordeel vir aanpassing. Sodoende word nuwe diversiteit geskep.

Die belangrikste gevolgtrekking wat uit die studie gemaak kan word is dat daar, ten spyte van die hoë vlakke van inteling, nog genoeg genetiese diversiteit in die ras bestaan sodat seleksie vordering gemaak kan word.

‘n Volledige wetenskaplike publikasie sal in die toekoms vrygestel wrod.



# Raadsvergadering in Bloemfontein



*Sprekers wat as gaste opgetree het:*
*André Raath (Letelle), Mike van den Berg (BKB),*
*Dr. Pierre van Rooyen (S.A. Stamboek),*
*Theo Oosthuizen (Letelle)*



*Raadslede kuier lekker saam tydens die raadsvergadering in Bloemfontein*

*Foto geneem deur Tomper (Klein Tom) gedurende die droogte*




## WOLBROKKIE

Mnr. Gert Roos, Letelle kudde boer van Wonderfontein, het by die Wolveiling van 13 April 2016 'n Top 5 prys vir 'n baal Lox van 19.1µ en 71,1% skoonopbrengs met 'n prys van R103,50/kg en dit nogal vir Lox!

# Letelle skaaptelers hou inligtingsdag vir skaap- en wol agente

'n Baie suksesvolle inligtingsdag vir agente is gehou op die plaas Blandford in die Dealesville distrik, Vrystaat.

Die dag is baie goed ondersteun deur CMW en BKB agente reg oor die land.

Die agente is ingelig oor die geskiedenis van die Letelle skaap asook ras-standaarde wat insluit bouvorm, eienskappe en wol-eienskappe.



*Die groot groep agente van CMW en BKB wat die dag bygewoon het*

Die agente moes ook skape plaas wat wol en bouvorm betref.

Daarna het almal aangesit vir 'n heerlike en berugte Letelle boud. Een van die agente het 'n aanmerking gemaak dat dit die lekkerste vleis is wat hy nóg geëet het.

Letelle beoog om in die toekoms nog sulke dae te hou, en ook nouer saam met die BKB en CMW agente te werk.

# Theo besoek geskiedkundige Rambouillet in Frankryk

Jou eerste indrukke van die pragtige plaas Bergerie Nationale is dat dit oud is en dat dit in stand gehou word. Daar aangekom loop ons bietjie rond en ontmoet toe vir Fabien Perot, plaasbestuurder wat in beheer is van die Rambouillet Merinos en die enigste mens daar is wat engels praat.

Hy neem ons toe na ‘n ou skuur waarin die ramme gehou word (die ooie is op lande) en ewe skielik staan hierdie Merinos daar. My eerste indrukke van die skaap was teleurstellend, maar hoe langer my gesprek geduur het met Fabien, hoe meer waardering het ek gekry van wat die Franse regering doen.

Eerstens hulle hoofdoel is om die oorspronklike stoet te bewaar. Geen nuwe bloed is nog ooit ingebring van buite. Daar was oorspronklik 6 families, hulle volg ‘n beleid van individuele paring en inteling, maar dieselfde familie word nie op dieselfde familielyn gebruik voordat 4 geslagte nie verby is nie, so dit is die hoofrede hoekom hulle inteelkoeffisient stadig verloop, so inteling en lynteling saam met individuele paring vanaf 1786.




*Theo by die stasie Rambouillet*

Die basis van Letelle teling is groepparing, lyn en inteling vanaf die 1920’s. Ons doen nie individuele paring. Volledige rekordhouding vind plaas op plaas en die voedingsomstandighede van die plaas is ideal, die skaap word gevoer met hooi in wintermaande. Gemiddelde gewigte van ooie vanaf 1786 tussen 50-60kg en ramme 70-80kg.

Die wol van die skaap is fyn, ‘n vasgeteelde eienskap. Sou ‘n mens lees en luister, dan kom mens agter wat se impak die kernstoet gehad het op die Duitse, Europese, Kanadese, Australiese Merinos en nog meer. Die Rambouillet het in Suid Afrika ingekom deur Australië.

‘n Mens kan vandag eindelik dankie sê aan die Franse regering vir hul bewaringsbewustheid, want dit het gelei tot die teel van uitstekende merino skape oor die wêreld heen en die Letelle skaap is ook van die afstammelinge.

Na die besoek het ek weereens tot die besef gekom dat wat Letelle teelbeleid betref, ons ‘n groot verantwoordelikheid teenoor die ras het en dat ‘n mens nie ligtelik moet omgaan met jou teelbeleid nie, bv ‘n gefokusde teelbeleid van oor die 200 jaar maak dat jy vandag nog na die Rambouillet Merinos kan gaan kyk en sien waar Letelle en baie ander rasse oor die wêreld heen vandaan kom. Gaan besoek gerus die Letelle website vir foto’s van die besoek.



*Fabien Perot (Plaasbestuurder) en Theo Oosthuizen met die skape in die agtergrond.*

# Goeie Resultate met Falkirk

*Mnr. Wally Ward van die plaas Breipaail in Smithfield het baie goeie resultate met Falkirk behaal, wat hy 'n aantal jare al op sy Letelle skape gebruik.*
*Let op die hoeveelheid vleis op hierdie Letelle Skenkel (Shank)*



*Letelle Skenkel (Shank) van voor*



*Letelle Skenkel (Shank) deurgesny*

# Duerdin Standaard

## Standaard by Letelle

In Merino-wolproduksie is die aanvoeling van wol tradisioneel 'n groot aanduider van gehalte. Voorkeur word gegee aan die sagtheid van aanvoeling in die beoordeling van wol en die seleksie van skape wat goeie gehalte wol produseer.

Dit is algemeen bekend dat fyner wol 'n sagter aanvoeling het, wat direk gekorreleer word met die veseldeursnee wat objektief in mikrometer-eenhede (mikron) gemeet word. 'n Mikron (µ) dui die deursnee van die vesel aan en is gelykstaande aan een duisendste van 'n milimeter.

Vandag verteenwoordig Deurden-wol die ideale balans in hanteringsensitiwiteit, verwerkingsvermoë en eienskappe van die finale produk. Die wolboer se teelbeleid moet wees om wol volgens die Duerden-standaard te produseer.



*Letelle streef daarna om 'n Duerden standaard van ±15 te handhaaf*

# Letelle staan sy man in die skaap ekonomie



*Ooi wat op Gertruida, Heilbron, geskeer word.*

Betaal dit om met skape te boer – veral wolskape en by uitstek met Letelle se fynwol. Dit is seker elke boer se eerste vraag wanneer hy met skape wil boer. Waarmee moet hy boer? – vleisskaap of wolskaap?

Die inligting wat hiermee gepaardgaan met die foto's is geneem tydens skeertyd op Tom Watson se plaas Gertruida, Heilbron.

BKB se masjienskeerspan het ooie met 12 maande wol wat lammers grootmaak geskeer.

Terwyl die skeerders besig was, is 'n ooi lukraak gesoek en haar wol – sonder die penswol en afval stukkies – in 'n sak toegedraai en geweeg. Die gewig of soos hedendaags gesê word "massa" (sonder die sak se gewig) was net oor die 3.50kg. Volgens verlede jaar se pryse van R89.00 per kg vetwol sal die ooie se wol R311.50 oplewer. Die lam moet nog bemark word asook die lamwol.

Die ooie se wol is gemiddeld gemeet as 18.7 mikron met 'n skoonopbrengs van 62.03% en treksterkte van 27.

Sou die lam 35kg weeg met bemarking teen R30 per kg lewendige gewig sal dit R1050 oplewer en die lam wat geskeer word se wol is sekerlik R150 werd.

Dit laat jou dink né!

ABSA

Today, tomorrow, together.

# RAMTELERS

## HEILBRON



Mari Myburgh
082 4785 971 • mfmyburgh@gmail.com

## DEALESVILLE



Theo Oosthuizen
082 4578 414 • theo@salvocapital.com

## BRITSTOWN



Andre Raath
084 4910 142 • ajraath@fastmail.sm

## PORTERVILLE



Krige Liebenberg
082 944 7089 • epos: jessie@agrizone.co.za

## SMITHFIELD



Wallie Ward
0730116626 • breipaal@shisas.com

## BARKLY-OOS



Toitjie+ Gerrie Du Toit
0726840031 • gerrie.dutoit@yahoo.com

# Uit Toeka se Dae....

DAILY DISPATCH, EAST LONDON, WEDNESDAY, FEBRUARY 3, 1960

## NEW BREED OF SHEEP ON SALE AT E.L. MEAT AUCTION

A new breed of sheep—named the Letelle sheep—was put up for auction at the East London Municipal Abbatoir yesterday.

This brought to fruition the ambitions of a Free State farmer, Mr. T. P. van der Wa't, of the farm, Bloemhof, Trompsburg, who, in 1920, started the breed from the purest merino-type of sheep found in South Africa.

"The Letelle sheep is an animal which produces a fine grain wool as well as a fine grain meat of a merino characteristic," said Mr. van der Walt yesterday. He said that although he had started the breed 40 years ago he had only now reached his aims of the final product of sheep.

Mr. van der Walt said that on Monday, wool from his Letelle sheep realised exceptionally high prices at an East London wool sale.

### FINE QUALITY

A butcher, who attended the meat auctions yesterday, said that the meat of the Letelle sheep was of a finer quality than the merino sheep. A characteristic about the carcass of the animal was that it had a much higher meat content, in proportion to fat and bone, as compared with the carcass of the merino sheep. One disadvantage was that the joint, such as a leg of the Letelle sheep was much heavier than the merino and if the consumer required a full-size leg of mutton the consumer would have to pay more for a Letelle leg of mutton than for the merino leg of mutton.

The average weight of the Letelle carcass is about 64lb, whereas the average weight of the merina carcass is only 40lb.

This photograph was taken at the East London Municipal Abbatoir yesterday and shows the carcass of a new breed of sheep being examined by Mr. T. P. van der Walt, the breeder.

*Artikel*
*Daily Dispatch 1960*

### Breeder examines result of his research



*Nuusbrief 1962*

## Nuusbrief · News Letter

*Amptelike Orgaan van die O.L. Skaapvereniging*



*Official Organ of the O.L. Sheep Society*

Posbus 341, Kroonstad. P.O. Box 341, Kroonstad.

April 1962 Nr. 5 — No. 5. April 1962.

## Die Geheim agter die Geheim

*Ek vind dit nogal aardig dat so baie mense wat nader kennis maak met die Letelle, heel eerste vra: maar wat is die geheim van hierdie tipe? Nadat dan sorgvuldig aan hul verduidelik is dat hier werklik geen geheim is nie, maar dat die skaap die lewende resultaat is van oordeelkundige, logiese teling, draai meeste van hulle om met die houding van die man wat vir die eerste keer 'n olifant gesien het — „ek glo dit nie".*


## Lanolin nou beskikbaar!

LANOLIN BP ANHYDROUS is 'n natuurlike produk wat geproduseer word deur wolvet.

Dit bestaan uit 'n unieke kombinasie van olies en was, wat hoogs versoenbaar is met die vervaardiging van olie in die menslike liggaam.

Lanolien is veral gewild om te gebruik vir:

- Hakke
- Voete
- Hande
- Naels
- Droëvel
- Boudsalf

LANOLIN BP Anhydrous LETELLE M Myburgh 082 413 6071

BESKIKBAAR IN VERSKEIE GROOTTES



Geprys volgens grootte R120 | R80 | R40 | R15

BESTEL JOUNE NOU BY MARI MYBURGH | 082 413 6071

# Geregistreerde Ramtelers

Louis Botha
Rosedale
Vrede, 9835
Tel: 058 913 1918
Tel: 082 825 2431 (Louis)
louisbotha@zippnorth.co.za

AJ and Erika Burger
Helderwater
P.O. Box 135
Sutherland
Fax: 023 571 2994
Cell: 082 895 5929
ajburger@hantam.co.za

AJ Raath
Rooidam
Britsdtown
Cell: 084 491 0142
email: ajraath@fastmail.sm

JP du Plessis
Kleinplaas
Humansdorp
Cell: 082 492 8030

Krige Liebenberg
Septemberskraal
Posbus 73
Porterville, 6810
Cell: 082 944 7089
epos: jessie@agrizone.co.za

Joe Bishop
Haasfontein
Hanover, 7005
Tel: 053642 ask for 1512
Cell: 078 707 3828
Tel: 049 843 1115
Cell: 076 371 0810

WW Ward
Breipaal
P.O. Box 155, Smithfield, 9966
Tel: 051 713 7090
Cell: 082 4123 045 / 073 011 6626
email: breipaal@shisas.com
web: freestatesheepdogs.wordpress.com

JM du Toit
Cloverley
Barkly East, 9786
Tel/Fax: 045 971 9043
Cell: 076 788 5598
Gerrie 072 684 0031
gerrie.dutoit@yahoo.com

Theo Oosthuizen
Plaas Blandford
Dealesville
Tel: 051 401 8200
Faks: 086 530 3281
Sel: 082 457 8414
theo@salvocapital.com

MJ Rall
Dassieklip
Riversdal
Tel: 028 713 2885
Cell: 082 493 5062
email: thysjnr2@hotmail.com

WCN du Toit
Rietfontein
De Aar
Tel: 053 004 0133
Cell: 083 353 7575
email: 0733563702@mtnloaded.co.za

Marius en Mari Myburgh
Boomplaas
Heilbron, 9650
Tel: 058 853 0114
Sel: 082 478 5971
mfmyburgh@gmail.com

**OLS VERENIGING**
Posbus 29599
DANHOF
9301

Tel: 051 401 8215
Faks: 051 401 8220
epos: nadia@salvocapital.com
Webblad: letelle.co.za

*Om te sterf is nie 'n kuns nie, almal kry dit reg, om te lewe is wel 'n kuns, min mense kry dit reg. (C.J. Langenhoven)*



*Nog 'n tevrede kliënt met 'n bakkievrag vol geregistreerde Letelle ramme*